Notule

Algemene Jaarvergadering

24 Julie 2012 Piketberg Skougronde, Piketberg

1.	Opening en verwelkoming
Peter verwelkom almal teenwoordig op die vergadering. Jakobus Smit open die vergadering met gebed. Op die vergadering is 53 lede teenwoordig en verskoning vir 52 lede word aangebied.	
2.	Goedkeuring van vorige notule
Die vorige notule (19 Mei 2011) word deur die lede goedgekeur. Korrektheid van die notule word voorgestel deur Jannie Slabber en gesekondeer deur Kobus Eigelaar.	
3.	Finansiële Verslag
Jacomien Britz lê die finansiële verslag vir tydperk Maart 2011 – Februarie 2012 aan die vergadering voor. 'n Groei van 22% in inkomste (ledegelde, span se werk, brandplakke en opleiding) word aangetoon asook 'n groei in uitgawes van 17%. Die Vereniging het 'n verlies van R13 350.36 vir 2012 teenoor R15 189 van 2011. Die verlies word toegeskryf aan Waardeverminderings van die vaste bates en dui nie op 'n kontant verlies nie. Die verslag is vir insae by die BBV kantoor beskikbaar vir 3 weke vanaf die vergadering. Die Vergadering keur die Finansiële Verslag goed.	
4.	Wysigings aan die Grondwet (Aanhangsel 2)
4.1	*Die grense van die GCBBV* Die grense van die GCBBV word verander omdat die Kaapse Weskus BBV nou deel vorm van die GCBBV. Vergadering aanvaar wysiging.
4.2	*Behoefte vir addisionele onder-voorsitter* 'n Behoefte bestaan vir 'n addisionele onder-voorsitter wat nou ook die Weskus streek op die Dagbestuur en die UK kan verteenwoordig. Die vergadering aanvaar die wysiging.
4.3	*Agterstallige ledegeld – opskorting van lidmaatskap en heffing van boetes* Die vergadering keur goed dat lede wie se ledegelde meer as 90 dae agterstallig is, se lidmaatskap opgeskort sal word, en 'n aansluitingfooi van R350 weer gehef sal word.
4.4	*Vergoeding van UK lede en pligte* UK lede sal voortaan R1000 proporsioneel ontvang vir die bywoon van UK vergaderings. Die bedrag word aan die einde van die finansiële

	jaar uitbetaal indien al 4 vergaderings bygewoon is. Voorstel word deur die vergadering goedgekeur en gesekondeer deur Jannie Slabber.
5.	Verkiesing van Voorsitter en Onder- Voorsitters
Charl verduidelik dat Peter nie stemreg het op die Weskaap- FPA het nie en dat dié lede toestemming gegee het dat hy nog ‘n jaar kan aanbly as voorsitter van die GCBBV. GCBBV word deur Charl op die Weskaap Sambreel BBV verteenwoordig. Verder is Peter op verlede jaar se AJV vir tydperk van 2 jaar gekies en derhalwe hoef hy nie weer verkies word nie. Die vergadering stel voor dat Peter Dorrington aan bly as voorsitter terwyl Rudolf Andrag ook nog ‘n jaar oor het. Jacques van der Merwe word voorgestel as onder-voorsitter vir die Weskus streek,	
6.	Lidmaatskapsfooie
Lidmaatskapsfooie bly onveranderd vir die volgende jaar. Weskus streek se ledegeld sal vanaf Maart 2013 dieselfde wees as die Cederberg BBV. Weskus lede word tot en met Februarie 2013 pro rata steeds op hul oorspronklike tariewe gefaktureer.	
7.	Jaarverslag 2011 – 2012 (Aanhangsel 3)
Jaarverslag word deur Charl voorgehou.	
8.	Western Cape Umbrella FPA (WCUFPA) (Aanhangsel 4)
Peter verduidelik die funksie van die Weskaap Sambreel BBV. WCUFPA funksioneer as sambreel FPA waaronder FPA’s funksioneer en sorteer onder DAFF (Department of Agriculture, Forestry anbd Fisheries).	
9.	Brandpermitte en die vergoeding vir brandweerdienste.
Natie Scholtz gee terugvoering rondom brandpermitte. Brandpermitte sal voortaan gratis aan BBV lede uitgereik word, en teen R190 vir nie-lede. Die Brandweer is nie meer betrokke by die inspeksie proses nie – maar die BBV sal selfregulering instel. ‘n Vullis gat wat gebrand moet word, gaan voortaan apart geïnspekteer word – weens die omgewingsimpak. Rekeninge gaan voortaan uitgegee word vir dienste deur die Brandweer gelewer. Die vergadering is bekommerd hieroor omdat dit die goeie werk wat die afgelope jaar plaasgevind het gaan afbreek en dat mense nou nie meer brande dadelik gaan aanmeld nie. Peter en Charl word afgevaardig om in gesprek te tree met Brandweer en spesifiek die Munisipale Bestuurder. Daar word ook versoek dat Bertus Senekal ‘n tariefstruktuur	

versprei en verduidelik watter tariewe gehef gaan word asook die proses wat gevolg is die tariewe in te stel. Terugvoer moet aan die lede gegee word.	
10.	Incident Command Systems
Peter Dorrington verduidelik die stelsel en verder sal daar basiese opleiding plaasvind wat in Porterville sal plaasvind vir lede.	
11.	The use of satellite imagery to solve the dispute around a fire investigation.
Willem Vorster SANSA gee voorlegging vir die gebruik van satelliet beelde om brandverspreiding te bepaal. Willem word bedank vir sy moeite en onkoste wat hy aangegaan het om die vergadering by te woon.	
12.	FYNBOSFIRE (GEF Project)
Tessa Oliver verduidelik die GEF Projek en hoe GCBBV daarby baat gaan vind. Een van die grootste voordele gaan die aanstel van ‘n voorligtingsbeampte.	
13.	Afsluiting
Peter bedank almal wat die moeite gedoen het om die vergadering by te woon en die vergadering verdaag om 13H00 vir middagete.	